

Die Here is my Herder, ek kom niks kort nie!

Die Psalmdigter begin hierdie pragtige en baie bekende Psalm met 'n belydenis: “Die Here is my Herder, ek kom niks kort nie.” God openbaar Homself hier in Psalm 23 as die Een wat voorsien, Hy is ons Herder en Hy sorg vir ons, sy kudde. Maar wat presies bedoel die Psalmdigter met die woorde in vers 1b: “ek kom niks kort nie”? Besing die Psalmdigter dalk met hierdie woorde die alles oorfloedige luuksheid van die Here se voorsienigheid in sy lewe? Dit is moontlik, want daar is elemente in die Psalm waarna kan verwys word en wat hierdie oorfloedkant van die Here bevestig, byvoorbeeld die groen weivelde, rustige waters, die feesmaal en die oorlaai met hartlikheid. Dit is ook so dat baie gelowiges uit hulle lewenservaring die feit sou kon bevestig. Ons weet dat die Here inderdaad so is, veral as ons gaan kyk na Johannes 10. Dit is nie toevallig dat juis in Johannes 10:10 gesê word dat Christus gekom het sodat ons lewe en oorfloed kan hê nie. Die woorde “ek kom niks kort nie” kan egter ook anders verstaan word. Is Psalm 23 regtig in 'n situasie van oorfloed geskryf? Daar is eenvoudig 'n hele klomp elemente in die Psalm wat in 'n ander rigting dui. Die teenstaanders in vers 5, die stok en staf in vers 4 (vgl. 1933-AV) en veral die dal van doodskaduwee (1933-AV) of donker dieptes. Dit alles reflekteer net 'n situasie wat van alles behalwe rustigheid getuig. Daar is dus goeie rede om te dink dat Psalm 23 in 'n tyd van uiterste nood geskryf is. As dit so is, is dit duidelik dat die woorde “ek kom niks kort nie” totaal anders verstaan moet word. Hierdie belydenis word uitgespreek in 'n situasie waarin die psalmdigter waarskynlik aan alles ontbreek. Die inhoud van hierdie belydenis is wesenlik: as 'n mens seker is van God se helpende en sorgende teenwoordigheid by jou, met ander woorde as die Here jou Herder is, het jy in die lewe nie regtig veel meer nodig nie. Die vraag is egter of ons dit so ervaar? Omring ons onself nie met aardse goed sodat ons niks kortkom nie? Is God alleen vir ons genoeg ... of het ons nog baie ander dinge ook broodnodig vir ons lewens?

In vers 3 praat die Psalmdigter nog van “Hy”, maar in vers 4 word dit skielik “U”. In 'n neutedop is dit die geheim van die psalmdigter se belydenis in vers 1: dat ons met die Here sal leef, nie as 'n Hy nie, maar 'n U.